**Skriflesing** **Openbaring 5 vers 11-14**
**Tema** **Geloofsfamilies wat leer om te luister, word deel van God se storie**

## Kerngedagtes van Sondag se samekoms

- Van kleins af het ons te doen met stories. Ons geloofspad met God begin ook met die oorvertel/lees van stories oor God en die mens. Hierdie stories word deel van ons geloofs-DNA. Die manier waarop hierdie stories dus vertel word, is belangrik.
- Stories dra geweldige krag. Stories wat deel word van ons, verander die wêreld. Stories het die vermoë om ons in verwondering te bring, ook oor God.
- Die gevaar is dat so baie gelowiges hulle vermoë om na stories te luister misplaas of afskeep. Hulle word afgestomp vir die stories van mense rondom hulle.
- Steven Covey skryf in sy wêreldbekende leierskapsreeks: "Most people do not listen to understand, they listen to respond."
- Geloofsgemeenskappe wat verleer om na die stories van mense om hulle te luister, loop gevaar om impakloos voort te bestaan.
- Die vermoë om mense se stories reg te hoor, stel ons in staat om God toe te laat om te werk.
- Sommige gelowiges is onder die indruk dat Jesus oral heen gepreek het. As ons mooi kyk, sal ons sien dat Jesus meer in die besigheid van luister was. Ons sien dat "om te luister" vir Jesus ver belangriker is.
- Jesus maak ons deel van Sy storie. Hy gee vir ons die nagmaal as teken dat ons deel is van Sy storie van liefde.

*Gespreksvrae 4 - 8 Junie 2018*